## AL STERWE EK OOK

Johannes 11:25 [v]

*Die woorde "***al sterwe hy ook***" betrek jou persoonlik in wat Christus hier sê. Jy kan dit persoonlik maak* – al sterwe **ek** ook. *Die dood wat jou bedreig is nie net die dood wat in die graf eindig nie. 'n Drieërlei dood kom oor die mens vanweë die sonde: die* **ewige** dood*, die* **geestelike** dood *en die* **liggaamlike** dood*. Afgodsdienaars en heidene is 'n teken van die* ***ewige dood*** *van diegene wat God verwerp. Christene vasgevang in die doodsheid van hulle geloof omdat hulle nie lewe uit die nuwe lewe wat God gegee het nie is teken van die* ***geestelike dood****. Die doodsberigte in die koerant en menige roustoet oppad kerkhof toe is die teken van die* ***liggaamlike dood****. In die dood sit die verskriklike gedagte van* **isolasie van God**.

- **Die ewige dood** *isoleer jou vir ewig van God, Hy wat leef van ewigheid tot in ewigheid.*
- **Die geestelike dood** *isoleer jou van die nuwe lewe wat God vir jou in Christus bewerk het.*
- **Die liggaamlike dood** *isoleer jou van jou plek op aarde en van die mense met wie jy in verhouding staan.*

*Elke gelowige kan in Christus sê* al sterwe **ek** ook *sal ek die lewe in Christus hê in wie ek ingeplant is deur die geloof. In Christus ontvang ek deur die geloof die lewe tot in ewigheid. Deur die geloof in Christus en die werking van die Heilige Gees ontvang ek die geestelike lewe. As ek in Christus sterwe ontvang ek die lewe op die nuwe aarde onder die nuwe hemel.*



## MUGGIE EN KAMEEL?

Mense is lagwekkend! Die belangrikste sake van jou diens aan God ignoreer jy om die grootste lawaai op te skop oor iets wat klein en onbenullig is. In Matteus 23:24 kry Christus die Fariseërs onder skoot, juis hieroor. Hy neem `n praktiese voorbeeld uit die daaglikse lewe. Drank is destyds deur `n dun doek gegooi om onsuiwerheid uit te haal. Só is die godsdiens van die Fariseërs. Angsvallig het die Fariseërs hulle besig gehou met die onbenullige nakoming van die allerkleinste voorskrifte van die wet. "Julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle na" [Mt. 23:23].

✷ Hulle laat Jesus dink aan iemand wat noukeurig en met groot presiesheid elke muggie wat in die vloeistof is uitskep, maar dan, by wyse van spreke, die kameel miskyk en heel insluk.

✷ Die lagwekkende kontras tussen die muggie en die kameel word deur Christus gebruik om die belaglike godsdienstige lewe van die Fariseërs aan te dui. Christus praat met mense wat op klein dingetjies verskriklik noukeurig en presies is maar as dit kom by die belangrike dinge van Godsdiens, dan steur hulle hulle nie daaraan nie. Iemand kan byvoorbeeld die "muggie" van kleredrag in die erediens opblaas tot iets verskrikliks, maar die "kameel" van sy ongeërgde houding in die erediens en die feit dat hy nie doen wat God sê nie ignoreer hy. Wees waaksaam vir die muggies en kamele in ons diens aan God. Watter soort gelowige is jy? 'n ***Muggiemens*** of 'n ***kameelmens***? Dieselfde beginsel geld ook vir die res van jou lewe. Aan die dinge wat saak maak moet jy alle aandag en tyd spandeer en die dinge wat nie saak maak nie, oorsien.

*Dr. Nico vd Merwe*



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**

[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

**Jaargang 5 Sondag 31 Oktober 2010 Nommer 29**

## DIE BETEKENIS VAN DIE REFORMASIE


In die 13de en 14de eeue is die Bybel wel aan die kerkvolk verkondig, maar dit was nie die stem van God uit die Bybel nie maar die eensydige verkondiging deur die bril van die Pous van Rome. Op hierdie wyse het die Bybel geen rol in die lewe van die gelowiges gespeel nie want in wese was dit pouslike gesag en nie Skrifgesag wat gespreek het nie. Met die koms van die reformasie in die 15de en 16de eeu is die Bybel aan die kerklidmate (terug)gegee. Die (terug)gawe van die Woord van God aan die gelowiges het 'n besondere *klemtoon* gehad. Om te ***luister na die Bybel*** is heeltemal iets anders as om iets met die Bybel te bewys. Om met die Bybel apartheid, integrasie, burgerlike ongehoorsaamheid, rewolusie te bewys is iets heeltemal anders as om *na die Bybel te luister* omdat dit God se stem is waarmee Hy Homself aan die mens bekendstel. Die Bybel is nie 'n koue, wettiese prinsipepoel waaruit beginsels afgelei kan word sonder om dit in verband te bring met die verhouding waarin God met die mens tree deur die evangelie van verlossing nie. Die Bybel is *evangelie, liefdewoorde van die ewige lewe* wat God belowe. Hierdie beloftes is waar en betroubaar, helder en duidelik in die Bybel neergeskrywe.

Deur die werk van 'n klompie voorlopers van die reformasie (Johannes Huss (1369-1415), John Wycliff (1324-1384), Wessel Gansfort (1419-1489) kom die deurbraak deur die werk van o.a. Martin Luther (1483-1564) en Johannes Calvyn (1509-1564). Die grondmotief, die slagspreuk van die Hervorming was: *Sola fide,* deur die geloof alleen, *Sola gratia,* deur die genade alleen, *solo Christo,* deur Christus alleen. 'n Grondstelling wat aan die drie hier genoem ondergeskik was is *Sola Scriptura,* slegs deur die Skrif. Die slagspreuk *Sola Scriptura* het die klem gelê op die helderheid van die Woord, die noodsaaklikheid, die genoegsaamheid en het die onfeilbaarheid van die heilige Skrif ingesluit. Verskillende reformatore het hulle in die tyd toegewy aan die vertaling van die Bybel in die spreektale van die mense in die verskillende lande. Die Bybel is deur die werk van die reformatore in die hande van die eenvoudigste gelowige gegee. Deur vir eeue lank die Woord van God van die gelowiges weg te hou, is 'n groot onreg gedoen. Maar deur die genade van God word dit nou reggestel. As jy as gelowige vandag jou Bybel in die hand neem en in jou moedertaal die wonderboodskap van God kan lees is dit 'n resultaat van die kerkhervorming. Vandag kan ons steeds die ryp vrugte pluk wat meer as 500 jaar gelede deur die reformasie bewerk is. Soli Deo gloria – aan God alleen die eer!

*Dr. Nico van der Merwe*



## PREKE VANDAG



**Oggenddiens: AS EK SWYG**

**Skriflesing: Levitikus 10:3**

'n Skokkende gebeurtenis vind in Levitikus 10 plaas. Nadab en Abihu, twee seuns van Aäron, die Hoëpriester, was priesters in die tabernakel. Hulle was verantwoordelik vir die offers wat gebring moet word. Alles in en om die tabernakel moet plaasvind soos God dit wou hê. Die twee seuns het egter 'n wierookoffer volgens hulle eie goeddunke gebring. "'n Vuur wat van die Here af gekom het, het hulle verteer, en hulle het gesterf in die teenwoordigheid van die Here." Toe Aäron die lyke van sy twee seuns voor hom sien lê was hy ***sprakeloos***. Aäron het niks gesê nie, hy het geswyg. Hy het geswyg omdat hy niks te sê gehad het nie. Hy swyg omdat hy weet sy seuns het teenoor God gesondig. So staan elke gelowige voor God in die besef dat jy 'n groot sondaar is wat skuldig is. ***As ek swyg*** is dit vanweë die sondelas wat my laat struikel en val. Om te swyg is om te wag en jou in konfrontasie met jouself te kom. Om te swyg bied ook aan jou die geleentheid om na God se Woord te luister. Dit is baie maklik om met 'n sak vol verskonings te kom waarom jy in die sonde geval het, en dan verontskuldig jy jou voor die Here. In jou sondebesef moet jy swyg en oorgegewe luister as God aan jou bekendmaak dat jou sonde in Jesus Christus verlos is en dat die Heilige Gees dit in jou hart gevestig het.

**Uit die Woord**

Wees wakker in die lewe en moenie toelaat dat iemand julle geestelik van balans gooi nie, want julle glo mos. Moenie soos bangbroeke wees nie, maar staan julle man. Doen alles wat julle doen met liefde.
1 Korintiërs 16:13-14 (Vertaling: Hedendaagse Afrikaans)

**Wyse Woorde**

Ons begin regtig leef wanneer ons nie meer bang is nie.
D. Thompson



## DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 5

**Hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls handel in geheel oor die *VOLHARDING VAN DIE HEILIGES.***

### Artikel 3 : GOD BEWAAR DIE UITVERKORENES TOT DIE EINDE TOE

Vanweë hierdie oorblyfsels van die inwonende sonde en ook vanweë die aanvalle van die wêreld en die Satan kan die bekeerdes nie in hierdie genade volhard as hulle aan hulle eie kragte oorgelaat was nie. Maar God is getrou. Uit barmhartigheid bekragtig Hy hulle in die genade wat eenmaal aan hulle gegee is, terwyl Hy hulle ook tot die einde toe kragtig daarin bewaar.

3.1 Omdat die gelowiges nog nie vry van hulle sondige natuur is nie en die duiwel en die wêreld hulle aanval, kan hulle onmoontlik in eie krag bly staan.

3.2 Maar God is getrou want Hy hou hulle staande, laat hulle leef uit die genade wat Hy hulle gee en bewaar hulle met krag tot die einde van hulle lewe.

3.3 Matteus 26:41; 1 Korintiërs 1:9; 1 Korintiërs 10:13; 2 Korintiërs 1:18; Jakobus 1:12; 1 Tessalonisense 3:5; 1 Tessalonisense 5:24; 2 Tessalonisense 3:3; Hebreërs 10:23; Hebtreërs 11:11; 1 Johannes 1:9; Openbaring 2:10.

### Artikel 4 : DIE WARE GELOWIGES WORD NIE DEUR DIE SONDE OORWIN NIE

Die mag van God, waardeur Hy die ware gelowiges in die genade bevestig en bewaar, is so groot dat hulle nie deur die sondige natuur oorwin kan word nie. Tog word die bekeerdes nie altyd so deur God gelei en beweeg dat hulle - deur hulle eie skuld - in sommige besondere gevalle nie van die leiding van die genade sou kon afwyk en deur die begeerlikhede van die sondige natuur verlei word en dit navolg nie. Daarom moet hulle voortdurend waak en bid dat hulle nie in versoekings gelei word nie. As hulle dit nie doen nie, kan hulle deur hulle sondige natuur, die wêreld en Satan tot groot en gruwelike sondes verlei word. Soms word hulle ook inderdaad, onder die regverdige toelating van God, daartoe verlei. Die droewige val van Dawid, Petrus en ander heiliges wat vir ons in die heilige Skrif beskryf is, bewys dit.

[2 Sam 11 & 12; 2 Sam 24:1; 1 Kron 21:1; Matt 26:41 & 69; Rom 8:3; Gal 5:24; Ef 2:3;
1 Tess 5:16-17; 1 Pet 2:11, 2 Pet 2:18, 1 Joh 2:16]

# KATKISASIELEERKRAGTE ONS SÊ BAIE, BAIE DANKIE

Vandag sluit die katkisasie af vir 2010. Ons dank God vir sy seën dat die kategese vanjaar suksesvol volgens beplanning kon verloop. Dank aan die ***katkisasieleerkragte*** wat gereeld Sondae goed voorbereid op hulle pos was en die onderrig met groot onderskeiding gedoen het. Dankie ook aan die ouderlinge wat gereeld toesig gehou het. Hulle is:

| Klas | Kategeet | Ouderling |
|---|---|---|
| Voorskool | Sr. Martie Venter | Oudl. Hennie Fourie |
| Graad 1 | Sr. Trohandi de Klerk | Oudl. Michael v d Walt |
| Graad 2 | Sr. Linelle Hitge | Oudl. Hendrik Scheepers |
| Graad 3 | Sr. Melinda de Kock | Oudl. Piet Kruger |
| Graad 4 | Sr. Elsa van Heerden | Oudl. At Kruger |
| Graad 5 | Sr. Annabelle White | Oudl. Abrie Lotter |
| Graad 6 | Br. Peet Buys | Oudl. Kobus Steenkamp |
| Graad 7 | Br. Carlo Wright | Oudl. Martin v d Merwe |
| Graad 8 | Br. Jan de Klerk | Oudl. Edwin Kruger |
| Graad 9 | Sr. Annalize Booysen | Oudl. Charl du Plessis |
| Graad 10 | Br. Pieter Aucamp<br>Br. Hennie Venter | Oudl. Anton v d Westhuizen |
| Graad 11 | | Oudl. Vic van der Walt |

Die ouers waardeer die toewyding en oorgawe waarmee julle die kategetiese onderrig van die verbondskinders vanjaar hanteer het opreg. Baie dankie ook aan die *ouers* van die verbondskinders dat hulle die kinders gereeld na die katkisasieklasse gebring het, en ook tuis gehelp het met die voorbereiding van die werk. Mag God u as huisgesinne seën.



# LAAT ONS WEET!

'n Vriendelike versoek: stuur asseblief alle berigte oor lief en leed vir Simbaal deur na **Martie Venter**, nie later nie as Woensdag van elke week, sodat ons met mekaar kan meeleef!
Werk soggens: 018 468 5022
Sel: 073 826 3526
Huis: 018 468 6790
e-pos: eisi@vodamail.co.za
martiehv@gds.co.za

# SUSTERS

Sameroepster vir Oktober: Kotie Oosthuizen
Koekies / Lekkernye vir Kinderhuis:
Oktober: Wyke 9 en 23

# JAARLIKSE SUSTERSAFSLUITING

Die Susters van die **Gereformeerde Kerk Orkney** nooi al ons susters hartlik uit na die afsluiting op **Woensdag 3 November 2010 om 18:30** by hul kerkgebou. Skryf asseblief jou naam op die lys in die portaal as jy wil gaan of kontak Bets by 084 257 9481 / 018 468 1528 voor Dinsdag 26 Oktober 2010.

Ons sal op Woensdag 3 November almal om **17:45** by die kerk in Klerksdorp ontmoet en dan saamry-geleenthede reël Orkney toe.

*Al gehoor van die Dorsland-sangers? Woon gerus die afsluitingsfunksie van die susters op Orkney by en dalk herken u 'n paar gesigte........*


| KOLLEKTES | | |
|---|---|---|
| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
| 31 Oktober | Barmhartigheid | Bybelverspreiding |
| 7 November | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 14 November | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 21 November | Barmhartigheid | Teologiese Studente |



**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 31 Oktober tot Saterdag 6 November 2010


| | | |
|---|---|---|
| Sondag 31 Oktober | Oggenddiens | 09:30 |
| Sondag 31 Oktober | Katkisasie Afsluiting | 10:30 |
| Sondag 31 Oktober | Aanddiens | 18:00 |
| Woensdag 3 November | Sustersafsluiting | 18:00 |



| TEESKINKBEURTE | |
|---|---|
| Sondag 31 Oktober 2010 | Wyke 16 & 17 |
| Sondag 7 November 2010 | Geen teeskink |
| Sondag 14 November 2010 | Geen teeskink |



| VERJAARDAE | |
|---|---|
| 31 Oktober | Marie-Alet van der Walt |
| 1 November | Oom Peet van der Walt |
| 2 November | Annemarie Daffue |
| 2 November | Herman Havenga |
| 4 November | Corrie Botha |
| 4 November | Ria Kruger |
| 5 November | Mike Kruger |
| 5 November | Johan Jacobs |
| 5 November | Oom Hannes Theunissen |
| 5 November | Marco van Antwerp |




- In party mense se Christenskap is die goed en die kwaad minder onderskeibaar as die geel en wit in roereiers.



***Dr. Andrè & sr. Hettie Grovè***
Proteastraat M199, Panorama Landgoed,
Swanevelderstraat, Krugersdorp
Posbus 2454, Panorama Landgoed, 1718.
Telefoon: 011-954-1105
e-pos: ahgrove@gmail.com


## KERKARGIEF

Indien enige lidmaat foto's, inligtingstukke, notules, ens. oor die afgelope 30 jaar van die bestaan van ons gemeente het, en dit vir bewaring in die Kerkargief in Potchefstroom kan skenk, moet u asb. met die skriba, **oudl. At Kruger**, skakel. Sy kontakbesonderhede is 018-468-3976, 083-400-3289 of atkruger@webmail.co.za. U kan inligting ook aan die kerk-adres: Posbus 6461, Flamwood 2572 stuur. Merk dit asb. vir aandag: At Kruger. Foto's en ander gedenkwaardighede in elektroniese formaat is ook welkom.



## MUNTLEGGING VIR BYBELVERSPREIDING

Vandag is dit Hervormingsondag, en daar is na die erediens 'n ***muntlegging vir Bybelverspreiding***. Daar word gepoog om 'n bedrag van ***R40 per belydende lidmaat per jaar*** vir Bybelverspreiding in te samel (Dit is darem 'n skamele bedraggie van ***R3.33*** per maand of ***84c*** per week. ***Onthou: nét R40 per belydende lidmaat per jaar***). Daarmee word die hande van die Bybelgenootskap gesterk in die taak om God se Woord in alle tale in Suid-Afrika te versprei. Dit is ook 'n direkte opdrag van die Here aan sy kerk dat die Woord van God dwarsoor die wêreld gebring moet word (Matt. 28:18-20; Hand. 1:8). Die bydraes van lidmate is 'n gedeeltelike uitvoering van die opdrag van die Here.



## STUUR ASSEBLIEF GEGEWENS VAN KINDERS SE PRESTASIES

Die verskillende skole het van nou af een na die ander hulle prysuitdelingsfunksies vir 2010 en die verkiesing van Leerlingrade en Prefekterade vir 2011 vind ook plaas. Omdat die gemeente saam met die ouers trots is op en dankbaar is vir ons mooi verbondskinders se prestasies in hulle skooljare wil ons graag elke verbondskind se prestasie in Simbaal publiseer sodat die gemeentelede in die vreugde kan deel en ook 'n gelukwensing kan gee aan wie dit toekom..

*Sal pa's en ma's, oupas en oumas, vriende en maats asseblief laat weet van die kinders se prestasies wat tydens die toekenningsaande oorhandig is of met die verkiesing van 'n Leerlingraad. Skakel dr. Nico van der Merwe met berigte* (☎ 018-468-1782) of sr. Martie Venter (☎ 018-468-6790).

U kan ook die volgende e-pos adres gebruik:
*nico.vandermerwe@telkomsa.net*

## 'N WRANGE VERHAALTJIE

'n Vuil, slordige boemelaar het by 'n kerkgebou ingeloop om die erediens by te woon. Onmiddellik is hy uit die kergebou gejaag omdat die gemeente gevoel het dat hy in sy toestand nie daar tuisgehoort het nie.

Toe die man, diep bedroef, buite die kerkgebou staan, het Jesus na hom toe gekom en vir die man gesê: "Troos jou maar daaraan, want Ek kon ook nog nooit daar binne kom nie."

"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. Asiemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou". (Openbaring 3:20)



## LIEF EN LEED



- ***Oom Peet van der Walt*** (85), wat die afgelope tyd baie met sy gesondheid gesukkel het, het verlede Maandag 'n pasaangeëer in die Unitas-Hospitaal in Pretoria ontvang. Hy is reeds ontslaan en sterk by die huis van sy dogter, Petro, aan. Hy is nog swak maar daar is reeds tekens van beterskap. Ons vertrou dat Oom by die dag sterker sal word!
- ***Sr. Santie van der Westhuizen*** is verlede week in Potchefstroom geopereer aan haar voete. Ons dink aan jou – hoop jy is gou weer op die been!
- Sover ons weet, is heelwat lidmate tans oorsee of op pad. ***Br. Kobus en sr. Rina Steenkamp*** is tans in Engeland met vakansie. ***Sr. Annemarie Friedrich*** het Vrydag Perth, Australië, toe vertrek om tot in Januarie by haar dogter, Alida Prinsloo en haar gesin, te gaan kuier. ***Br. Johan*** sluit later by hulle aan. ***Br. Cobus Booysen*** het gister saam met 'n groep van die myn waar hy werksaam is, na Chili toe vertrek. Ons wens hulle almal 'n veilige reis heen en weer toe! (Geen wonder daar is so min mense in die eredienste, want almal is omtrent oorsee!! – Red.)
- ***Sr. Hettie Cunningham*** is vir drie weke al siek met 'n kolon-ongesteldheid. Die afgelope week het dit darem al beter gegaan. Die gemeente dink in hulle gebede aan jou dat God vir jou beterskap en gesondheid sal beskik. Baie sterkte toegewens!
- Met ***Br. Michael van der Walt*** word simpatie betuig na die afsterwe van sy broer, Gert, wat in Klerksdorp gemeente lidmaat was. Mag die Here julle as familie besonderlik vertroos en in die geloof versterk en in die belydenis van die ewige lewe.
- ***Tannie Marie v.d. Merwe***, ons naas-oudste lidmaat, het onlangs weer die trotse oumagrootjie van haar sesde agterkleinkind geword. Hy is Andrio, die eerstelingseuntjie van Mario en Michelle van Pretoria. Ons wens Tannie Marie en Wilna, asook die ouers en grootouers baie hartlik geluk en glo dat Andrio nog baie vreugde in julle almal se lewens sal bring.

## GEREFORMEERDE KERK KLERKSDORP-NOORD

# GEMEENTESAMEKOMS

## Saterdag 6 November 2010

Die gemeente word hartlik uitgenooi na die jaarlikse gemeentesamekoms.

Vanjaar is daar weer die tradisionele
**SKAAPBRAAI.**
**Verder:**
**vars gebakte brood en konfyt,**
**roomys met sjokoladestroop.**
Vul die spyskaart.

Wors word vir die kinders gebraai.
Om die jongspan verder besig te hou, sal daar 'n Springkasteel wees.

Bring die volgende saam:

**U eie eetgerei**
**Drinkgoed**
**Opvoutafel en stoele**
**'n Slaai**

| | |
|---|---|
| WAAR? | KLERKSDORP-NOORD KERKTERREIN |
| HOE LAAT? | VANAF 16H00 |
| | ETE SAL ONGEVEER 18H00 BEGIN |
| KOSTE? | VOLWASSENES – R20 |
| | HOËRSKOOLKINDERS – R15 |
| | LAERSKOOLKINDERS – R10 |
| | VOORSKOOLSE KINDERS – GRATIS |



## KINDERHUIS

Die diakens, verantwoordelik vir die Kinderhuis, wil graag vir elke inwoner van Huis 3 'n skoendoos met toiletware skenk vir die Desember-vakansie. Sommige van hulle word uitgeplaas na gasouers of gaan huis toe, terwyl die meeste in die Kinderhuis agterbly. Ons het die volgende nodig vir die projek:
* Twintig Leë skoendose
* Twintig seepbakkies
* Twintig koekies seep
* Twintig buisies tandepasta
* Twintig tandeborsels
* Twintig bottels deodorant (spuit of aanrol)
* Twintig sponsies om mee te was (hulle het ongelukkig nie hangplek vir waslappe nie)
* Twintig bottels/buisies handeroom
* 'n Verrassing of eetdingetjie vir elke kind.

U kan u bydrae – duidelik gemerk "**KINDERHUIS**" – by die konsistorie afgee, of vir **Sr. Martie Venter** of **sr. Hanlie Mocke.**

**ONS Sê VOORLOPIG BAIE DANKIE VIR U BYDRAE!**

## FONDSINSAMELING – JANIE SCHNEIDER-SKOOL

Die ouerkomitee van Janie Schneider-Skool bied op Saterdag 30 Oktober 'n praatjie aan met die tema, "Bou Verhoudings". Aangesien min van die verstandelik gestremde leerders self fondse kan insamel, plaas dit baie druk op hul ouers om dit te doen. Daarom word 'n beroep op die gemeente gedoen om hierdie projek te ondersteun.
Meer inligting is beskikbaar by tel. 018 462 4954 of janie55@telkomsa.net.

# HERVORMING 31 OKTOBER 2010

Vandag op Hervormings-Sondag herdenk ons in besonder die Hervorming in Skotland (1560 – 450 jaar gelede). Dit is ook 500 jaar gelede dat Martin Luther in 1510 sy lewensveranderende besoek aan Rome gebring het.

***John Knox*** (1505-1572) was die persoon deur wie die Hervorming in Skotland koers gekry het. In 1544 word hy bekend met die standpunte van Martin Luther in Duitsland. Hy neem as predikant deel aan die Skotse verset teen die Franse oorheersing van sy land, Skotland, en word gevange geneem. Van 1547 tot 1549 dien hy as galeislaaf van die Franse sy vonnis uit. In 1551 en 1552 is hy die Protestantse predikant in Engeland en is hy ook behulpsaam met die opstel van die *Book of Common Prayer*. Met die troonbestyging van Mary Tudor *("Bloody Mary")* vlug hy na Genève waar hy 'n tydlank onder die leiding van Johannes Calvyn werk. In 1555 keer hy terug na Skotland om kort daarna weer na Genève te vlug waar hy van 1556-1559 predikant was van die Engelstalige gemeente in Genève. In 1559 keer John Knox finaal terug na Skotland en begin met sy eintlike werk as hervormer. Toe Marie de Geuse, koningin-regentes in 1560 sterf, stort die Frans-Roomse verset teen die nasionale, hervormde Skotse beweging in duie. Koningin Mary Stuart (weduwee van Frans II van Frankryk, oorlede 1560) keer in 1561 terug na Skotland en probeer die Skotse Hervormingsbeweging te stuit. Hierin bots sy telkens met John Knox. Hy sterf op 24 November 1572 in Edinburgh.

Lesers van die **Protestantse Reveille** kan meer oor die Skotse Hervorming lees in die spesiale Hervormingsuitgawe vanaf p. 4 – 6, asook die hoofartikel, **Maak die Hervorming nog saak?** Daar is ook 'n artikel oor ontmoetings met Jesus, onder die opskrif **Stop, Kyk en Luister!**

Lesers van die **Protestantse Reveille** kry ook die geleentheid om die New Bible Commentary en die New Bible Dictionary teen slegs R399 vir die stel (R444, indien gepos word) te bekom.

Die skakelbesonderhede van die **Protestantse Reveille** is
Tel. 021 685 3015
Faks. 021 685 2618
Posbus 13068, Mowbray 7705
E-pos: protestantsa@xsinet.co.za



# DIE WOORD IN DIE WÊRELD

***Tiaan Mocke***, oudste seun van br. Johan en sr. Hanlie Mocke, en sy vriendin, Natasha Joubert, staan voor 'n groot uitdaging in hul lewe. Hulle vertrek eersdaags op 'n wêreldwye sending- en dienswerk reis.

Albei is betrokke by gemeenskapswerk in en om Klerksdorp en Potchefstroom. Nadat hulle dienswerk in 'n weeshuis in Indië gedoen het, het die geleentheid om deel te wees van die "Global Challenge: Eighty Days Expedition" hom voorgedoen.

Nadat hulle self geld bymekaar gemaak het vir hierdie "tagtig dae met een rugsak", vertrek hulle op 22 November 2010 as deel van 'n groep van 11 mense na die beginpunt, Egipte. Dan volg Israel, Madrid en Suid-Amerika, waar hulle veral in Guatemala by bestaande organisasies sal aansluit. Dan reis hulle verder na Japan, deur Hawaii na die Filippyne en Sri Lanka. Hulle keer op 31 Januarie 2011 terug en die hele ekspedisie kom op 6 Februarie 2011 tot 'n einde. Die reiskostes beloop R55 000 per persoon. Hulle offer baie op vir die reis: Tiaan neem onbetaalde verlof en Natasha sal ook nie 'n inkomste tydens die tydperk hê nie.

Ons as gemeente dra hulle op aan ons troue Hemelse Vader met die bede dat Hy hulle veilig sal bewaar en terugbring as inspirasie vir ons almal na so 'n lewensveranderende ondervinding. Mag julle werk op die verskillende plekke en lande ryklik deur die Heilige Gees geseën word en dat julle daardeur reuse vordering sal bewerk vir die Koninkryk van God. Die Gereformeerdes van Klerksdorp-Noord sien daarna uit om met julle terugkoms te kan hoor wat julle alles verrig en ervaar het. Ons groet julle!

Sjaloom!!

- Aangesien dooies nie kan sien, hoor, ruik of voel nie, is die mooi woorde en blomme by hul begrafnis seker vir hul naasbestaandes bedoel.

# ENKELE SAKE VAN DIE KERKRAADSTAFEL

- Oudl. Anton en diak. Santie van der Westhuizen word gelukgewens met hul seun se troue
- Meegevoel word betoon met oudl. Michael van der Walt na die afsterwe van sy broer, Gert
- Oudl. Japie Olivier se seun, Hanco, het sy voet ernstig beseer.
- Diak. Kotie Oosthuizen neem waar as koster totdat die nuwe predikant bevestig is
- Die kassier wys daarop dat etlike bydraekoeverte vir Augustus, September, en Oktober nog uitstaande is*.* ***'n Ernstige beroep word op lidmate gedoen om die agterstallige bydraes so spoedig moontlik af te dra en u word ook versoek om in die maande wat kom stiptelik te wees met die inbetaling van kerklike bydraes.***
- Die kassier wys ook daarop dat die volgende items agterstallig is teenoor die begrote mikpunt:

| ITEM | Werklik | Mikpunt | Tekort |
|---|---|---|---|
| Bybelverspreiding | R3 460 | R7 200 | **R3470.00** |
| Boufonds | R14 695 | R50 000 | **R35 305.00** |
| Dankbaarheidsfonds | R1 515 | R4 500 | **R2985.00** |

- Diak. Hannes Pelser rapporteer dat ‘n nuwe veiligheidshek by die pastorie geïnstalleer en dat die dak van die pastorie reeds geverf is. Daar word beplan om die opknapping van die pastorie voor 1 November af te handel.
- Kerkraadslede en lidmate word aangemoedig om deurlopend hul kontakbesonderhede op te dateer by hul wyksouderling of die attes-skriba, br. Pieter Aucamp.
- Die jaarprogram vir 2011 is by die ouderlinge beskikbaar
- ŉ Bedieningsooreenkoms het tot stand gekom tussen die Gereformeerde Kerk Stilfontein en die Gereformeerde Kerk Orkney, waarvolgens ds. Jan-Carel Erasmus (emeritus) as predikant vir ŉ jaar betrek is om aan die gemeentes hulp te verleen met huisbesoek en prediking. Hy bly steeds lidmaat van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord. Die ooreenkoms is reeds deur die Klassis goedgekeur.



- Die besluit van dr. S.P. van der Walt ten opsigte van sy beroep na hierdie gemeente sal op **Sondag 7 November** bekend gemaak word
- Diak. Annemarie Daffue het ŉ verslag namens die Diakonie voorgehou
- Besonderhede oor gesamentlik eredienste gedurende Desember 2010 en Januarie 2011 vakansie tussen die Gereformeerde Kerk Klerksdorp en die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord, asook die Kersprogram by die Gereformeerde Kerk Klerksdorp, sal later bekend gemaak word

# EK IS MY EIE BAAS

Baie mense sê: “Ek is my eie baas.” Hoe ek leef en aantrek en plesier soek en met my geld werk en my godsdiens beoefen, traak niemand nie want ek is my eie baas. Toe Nebukadnesar, die koning van Babel, vir God gesê het dat hy sy eie baas is, toe wys God hom wie werklik baas is en Hy maak hom kranksinnig (Dan. 4:24-33). Israel wou hulle eie baas wees, toe laat God Jerusalem verwoes en hulle word ballinge.
Die alledaagse lewe bewys aan jou dat jy nie regtig jou eie baas is om te doen soos jy wil nie:

- Jou werksure is baas oor jou tyd.
- Die snelheidsgrens is baas oor die spoed wat jy mag ry.
- Die inkomstekantoor is baas as dit by jou belasting kom.
- Die robot is baas as jy by 'n kruising van paaie kom.
- Die wette van die land het seggenskap oor jou lewe.
- Jou maag is baas van hoeveel en wat jy eet en drink of jy sê lesop.
- Jou liggaamskrag is baas oor jou doen en late of iets loop verkeerd.
- Jou slaap speel baas wanneer jy te moeg is vir wakkerbly.

Al hierdie dinge is baas oor jou. Waarom dan God se baasskap oor jou lewe ontken en ignoreer?
Dit is dwaas ......want dan is die Satan jou baas!!